Verlorenvlei Koalisie verslag 26 Junie 2009

Dankie aan almal wat by die Verlorenvlei Koalisie aangesluit het. Julle het weer eens bewys dat Suid-Afrikaners deel uitmaak van 'n gesonde en demokratiese burgergemeenskap en dat ons genoeg gehad het van dit wat ons bestaan bedreig. Ons dring aan:

- *dat beleid behoorlik toegepas word ooreenkomstig die wet, en*
- *op regeringsinstansies wat die wil en die vermoë het om regverdige en verantwoordelike besluite te neem wat ons regte beskerm soos dit vervat is in die Konstitusie, die hoogste wet in die land.*

Sedert die stigting van die *Verlorenvallei Koalisie* einde April, het ons besluit om ons naam te verander na die *Verlorenvlei Koalisie*, om verwarring met die Verlorenvallei in Mpumalanga, wat toevallig ook 'n Ramsar vleiland is, te vermy.

Die Minerale- en Petroleum Hulpbronne Ontwikkelings-wet (MPHO-wet) maak voorsiening vir twee parallelle prosesse in die geval van 'n mynaansoek:

1. Konsultasie met belangegroepe wat deur die mynaansoeker gedryf word – ons het tot *1 Junie 2009* gehad om kommentaar te lewer op die Konsepoorsigstudie, wat Withers Environmental Consultants namens die mynaansoeker voorberei het. Die Verlorenvlei Koalisie het 'n volledige verslag ingedien (62 bladsye). Verskeie individuele reaksies van 'n wye spektrum belanghebbendes is ook ingedien.
2. Ingevolge die bepalings van die MPOH-wet is 'n afvaardiging van die Koalisie gevra om op *12 Junie 2009* ons besware teen die Riviera Tungsten Mynaansoek by die Departement Mynbou se streekskantoor in Kaapstad voor te lê vir oorweging. Die besware is aan die Streek Mynontwikkelings- en Omgewingskomitee voorgelê. So 'n komitee bestaan uit die Departement van Mynbou se Streeksbestuurder (die Voorsitter) *(dit is die persoon wat eerste die besluit neem of 'n mynreg toegestaan moet word al dan nie),* die Hoofinspekteur van Myne vir die streek, verteenwoordigers van relevante regeringsowerhede in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van die regering (veral belangrik is die insette van Departemente van Landbou, Wateraangeleenthede, Omgewingsake, Cape Nature).

Vir die Verlorenvlei Koalisie geniet die volgende onmiddelike prioriteite aandag:

Daarstelling van Koalisie-strukture

- 'n Uitvoerende komitee is verkies, met Dr Bennie van der Merwe as Voorsitter en Garry Sheard as Ondervoorsitter.
- Registrasie van die Koalisie as 'n wetlike organisasie met 'n gepaste konstitusie.
- Die stigting van die Vriende van die Verlorenvlei, wat uitsluitlik die bewaringsliggaam van die Koalisie sal wees.

Korttermyn doelwit

- Om *enige* poging om in die Moutonshoekvallei te myn, te beveg. Ons glo dit is 'n ongepaste tipe ontwikkeling vir hierdie area en sal 'n negatiew impak hê op ons bestaan, ons erfenis,

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

ons gemeenskapslewe, die waarde van ons grond, watersekuriteit, voedselsekuriteit en die bewaring van ons natuurskoon.

Langtermyn doelwitte

- Om 'n volhoubare ontwikkelingsplan te skep wat landbou, toerisme en ander gepaste industrieë byeenbring vir die hele gebied vanaf Piketberg tot Elandsbaai, insluitende die Verlorenvlei-monding , 'n Ramsar-gebied van ekologies kritiese belang.
- Om strukture te skep wat verder daartoe sal bydra om agtergeblewe gemeenskappe op te hef en te help ontwikkel.
- Om aansoek te doen vir Biosfeer Reserwe-status vir die hele Verlorenvlei opvangsgebied, om sodoende die bewaring en volhoubare gebruik daarvan te verseker.

Publisiteit en werfing

- Mediadekking – ons hou die publiek op hoogte van aansoeke om in hierdie produktiewe en vrugbare vallei in die Sandveld te myn (tot op hede: Carte Blanche, 50/50, RSG, SAFM, Die Burger, Die Weslander, Die Herald, The Cape Times, The Argus, Die Beeld, The Sunday Times, Noseweek, Mining Weekly, Facebook-groepe en talle ander webwerwe)
- Skakeling met lede, veral soos verteenwoordig in die verskillende streke wat deur die Koalisie gedek word.
- Ons wil lede op hoogte hou van nuwe ontwikkelinge, en die feite deel soos dit na vore kom.
- Ons vervaardig tans 'n DVD en brosjure wat die storie sal vertel van hierdie bedreiging vir die Verlorenvlei en sy voedingsarea.
- Ons beplan 'n Koalisie T-hemp en plakkers wat ons logo en slagspreuke sal adverteer.
- Ons beplan 'n *road show* om die Koalisie na al ons streke te neem!

Lede

Ons het ondersteuning en hulp van dwarsoor die wêreld ontvang. Tot op hede het meer as 800 individuele lede en nagenoeg 40 organisasies by die Koalisie geregistreer! Ons het jou ondersteuning ook nodig. Jou lidmaatskap alleen maak reeds 'n verskil. Sluit gerus by ons aan.

Om aan te sluit by die Verlorenvlei Koalisie, stuur vonkpos aan Kerry Kruger by kerry@devs.co.za of pos jou naam, adres en telefoonnomer aan Verlorenvlei Koalisie, Posbus 75, REDELINGHUYS, 8105 of faks die informasie na 0865244536.

Besoek ons webtuiste by www.verlorenvlei.co.za vir meer inligting.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com